

# REEKS: Vrug en gawes van die Gees

## KLEINGROEP ONTMOETING 1

### Vrug en gawes van die Gees



#### A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

#### B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



#### C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 2 min video:

<https://www.youtube.com/watch?v=E2bhXAR1gCU>

#### D: WANDEL IN DIE WOORD

##### Teks gedeelte: Galasiërs 5: 13 – 26

<sup>19</sup>Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, <sup>20</sup>afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, <sup>21</sup>afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. <sup>22</sup>Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, <sup>23</sup>nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. <sup>24</sup>Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. <sup>25</sup>Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

##### Nog teksgedeeltes:

1 Kor 12-14; Rom 12:6-8; Efs 4:11; 1 Pet 4:10-11



#### E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Hoekom word die gawes van die Gees 'n geskenk genoem?
2. Hoekom sê Paulus dat die vrug van die Gees teenoor ons sondige natuur staan?
3. Hoe werk die vrug en die gawes van die Gees saam?
4. Hoekom plaas Paulus klem op die liefde wanneer hy oor die gawes van die Gees praat?
5. Hoekom moet die gawes van die Gees die gemeente (liggaam van Christus) opbou?

#### F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Dink na oor die gawes van die Gees. Wat is jou spesifieke gawe van die Gees. Hoe gebruik jy dit in die gemeente?

**Voorbeelde:** ... Luister na die volgende lied wat ons tydens die pinksterSANGdiens gehoor het: *Holy Spirit living breath of God* gesing deur Keith & Kristyn Getty. Let op hoe die lied die vrug en gawe van die Gees beskryf in gebed. Maak dit jou temalied vir die week:

<https://www.youtube.com/watch?v=kDYjn-YdnD4>

#### G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



# REEKS: Vrug en gawes van die Gees

## KLEINGROEP ONTMOETING 1

### Vrug en gawes van die Gees GESPRESKRIGLYNE

(Ds Cor Swart)

#### ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:



In die Pinkstertyd het ons die uitstorting van die Heilige Gees gevier.

Wanneer ons verder oor die Heilige Gees wil leer, moet ons gesels oor die gawes van die Gees en die vrug van die Gees. Dit is baie belangrik om te verstaan dat die gawes en die vrug saamwerk – **die vrug van die Gees is die atmosfeer waarbinne die gawes van die Gees funksioneer**. Let mooi op dat wanneer Paulus oor die gawes van die Gees skryf aan die Korintiërs, dan word die liefde sentraal geplaas in hoofstuk 13, tussen hoofstuk 12 en hoofstuk 14. Sonder die liefde (vrug van die Gees) kan die verskeidenheid van gawes nie die gemeente opbou nie, maar kan dit lei tot onenigheid en verdeeldheid.

In 1 Korintiërs 12:4 lees ons dat die verskeidenheid van geestelike gawes deur “*dieselfde Gees*” gegee word en in vers 7 dat “aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.” Vanaf vers 12 gebruik Paulus die liggaam as voorbeeld om die gawes van die Gees mee te verduidelik – baie lede, elkeen met sy eie unieke funksie! In die liggaam van Christus (die kerk) moet al die liggaamsdele (die lidmate met verskillende gawes) saamwerk tot mekaar se voordeel. Is dit nie mooi hoe God ons toerus deur Sy Gees om mekaar te kan opbou nie. Die Gees bind ons saam as liggaam van Christus (een liggaam met baie lede – die een lid of gawe is nie belangriker of beter as die ander nie!). Dit is belangrik om daarop te let dat die gawes van die Gees nie net jou gewone talente is nie. Dit is die buitengewone geskenk (vermoë) wat die Heilige Gees jou gee om die gemeente op te bou!! Alhoewel Paulus in 1 Korintiërs 12:8-10 'n lys van gawes gee, het elke gemeente gawes volgens hulle eie unieke situasie ontvang (Rom 12:6-8; Efs 4:11; 1 Pet 4:10-11).



Gawe is van die Griekse woord **charisma** en beteken ‘n **geskenk** wat jy verniet ontvang (of genadegawe).

Vrug is van die Griekse woord **karpos** en behalwe vir die letterlike betekenis, word dit dikwels met mense se optrede of dade in verband gebring (Mat 7:16-17).

Die fokus lê dus nie op die gawes self nie, maar op die **gawes en vrug se funksie om Christus te verheerlik** – *niemand kan sê “Jesus is die Here” sonder die Gees nie (1 Kor 12:3)*. Paulus getuig ook in 1 Kor 13:1 *Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword*.

Ons moet die geskenk wat die Heilige Gees verniet aan elkeen van ons gee, gebruik om ons eie geloof en ook mekaar in liefde op te bou. Ons is bome, wat aan ons vrug geken word. Die vrug van die Gees wat ons dra, staan lynreg teenoor ons sondige natuur. Mag mense by jou liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing ervaar.

**Die vrug en gawes van die Gees werk saam dat ons as liggaam van Christus mekaar kan opbou.**

